

Swanepoel-familiewapen

Wanneer 'n wapenskild aan 'n individu toegeken word, het slegs sy direkte nasate erflik die gebruiksreg daarvan. Dit is dus nie van toepassing op alle persone wat dieselfde familie-naam voer nie. In sommige gevalle word variasies of meer as een wapen vir dieselfde familienaam/van aangetref en verteenwoordig dit verskillende takke van die betrokke familie, dikwels in verskillende wêrelddele. Die sogenaamde "Swanepoel-familiewapen" hieronder het in 1946 in *Die Brandwag* as 'n illustrasie by 'n artikel van N.H. Theunissen verskyn. Volgens Pama se boek *Heraldry of South African Families*, is daardie familiewapen afgelei van die Nederlandse familie *Swaen* se wapenskild.



Figuur 1: Swanepoel-familiewapen ¹

¹ A. J. Swanepoel, by reocities.com/adriaanswanepoel/swanepoelwapen.htm, 7 April 2012.

Hoofstuk 1 Inleiding, literatuuroorsig en konseptualisering, probleemstelling, navorsingsvrae, navorsingsdoelwitte en metodologie

1.1. Inleiding

Alhoewel die hoofstroom van Suid-Afrikaanse genealogiese geskiedenis sedert die aankoms van Jan van Riebeeck in 1652 gedokumenteer en beskryf is, bestaan daar 'n leemte in verpersoonlikte kennis en insigte rondom die verhaal van die Swanepoels.

Die geselekteerde groep Swanepoels is afstammeling van die stamvader, Pieter Jansz Swanepoel wat sedert 1698 op verskeie maniere deel van die historiese gebeure in Suid-Afrika was. Die navorsingsfokus van hierdie verhandeling val op die stamvader en die nageslagte van Pieter, derde seun van die stamvader, en eindig met die omswerwing van die vyfde geslag. Hierdie spesifieke vertakking is geselekteer omdat dit die voorgeslag van die navorser, James Andrew Cooks, is. Die beperking van die nagevorste tydperk tot 1906 is vasgestel weens die algemene historiese periode – na die Anglo-Boereoorlog en voor Uniewording – sowel as die geslagsregister van die vyfde geslag van die spesifieke vertakking van die Swanepoel-familie.

Vanaf 1698 tot 1906 het vyf geslagte van die stamvader 'n aktiewe rol in die ontwikkelingsgeskiedenis van Suid-Afrika gespeel. Omgekeerd het dié geskiedenis 'n bepalende rol in die genealogiese samestelling van die geselekteerde navorsingsgroep gespeel. Die geskiedenis en genealogie is hulpwetenskappe en bondgenote van mekaar. Hulle interafhanklikheid impliseer dat die genealoog die historiese era in ag moet neem en sy studie van familiegeskiedenis en die afstamming van individue binne die tendense van hul era in perspektief moet plaas.

Bestaande literatuur beeld die verloop van die geskiedenis van die Swanepoels uit, maar die sigbaarheid en rol van die stamvader, sowel as sy vyf geselekteerde nageslagte se belewenisse, meelewing en geskiedkundige bydraes is nie volledig in bestaande

literatuurstudies aangedui nie. Alhoewel genealoë navorsing oor Pieter Jansz Swanepoel gedoen het, is daar geen melding van die afkoms en opvolgende nakomelinge deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika (GISA) gemaak nie.² Hierdie studie is derhalwe 'n wetenskaplike ontleding van Pieter Jansz Swanepoel se nakomelinge in die natuurlike orde en die geskiedenis wat met hulle lewensloop saamhang ten einde 'n breër begrip van hul herkoms aan huidige en toekomstige geslagte te gee. Die leefwyse van die gewone mens, die ongeïdentifiseerde massa, wat die geskiedenis van die tyd geleef het, word met hierdie studie te boek gestel.

1.2. Literatuuoroorsig en konseptualisering

Daar bestaan gevallestudies waar die wel en weë van ander vertakkings van die Swanepoel-familie op 'n breër terrein te boek gestel is. Hierin word gefokus op persoonlike prestasies, betrokkenheid by geskiedkundige gebeurtenisse en ander wetenswaardighede oor individue. Alhoewel die koms van Pieter Jansz Swanepoel na die Kaap reeds deeglik deur dr. Adriaan Jacobus Swanepoel nagevors is onder die titel *'n Geslagregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*³ is relevante geskiedkundige gebeure in die tydperk 1698-1906 nie na behore met die basiese data van die geslagsregister geïntegreer nie. Verskeie ander Swanepoel-genealoë het ook registers of stambome van hulle eie familievertakkings opgestel, maar beskryf nie geskiedkundige gebeurtenisse en die invloed daarvan op die familie nie.⁴

² GISA by <http://www.gisa.org.za/site/library>, 11 Junie 2011.

³ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, 2004, *'n Geslagregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, hoofstukke 2 tot 4.

⁴ M.M. Munnik, *Familiegeskiedenis en geslagregister van James Watt Swanepoel*; W.P. Swanepoel, *Tien geslagte van die gesin Swanepoel in S.A. 1700-1997*; Z. Swanepoel, *Swanepoel geslagregister: Die Waterbergers, 1994 [Pretoria]*; C.H. Swanepoel, *Tak van die Swanepoel-familie in Suid-Afrika 1699-1999, 'n Genealogiese en kultuurhistoriese studie*; P.C. Swanepoel, *Die Geskiedenis van sommige Swanepoels*; M. Zwaenepoel, *Stamboom van die familie Swanepoel, Swaenepoel, Zwaenepoel*, 1960.

Die afstammeling van Pieter Jansz Swanepoel is hoofsaaklik deur vier faktore beïnvloed, naamlik hulle Christenskap, die invoer van slawe, kontak en konflik met verskeie inheemse swart stamme en die koloniale magstryd. Dié historiese werklikhede en denkstrominge het 'n primêre rol in die integrasie van die Swanepoel-familie met mense van verskillende kultuurgroepe in Suid-Afrika gespeel.

Die Christelike lewens- en Afrikaanse wêreldbeskouing van die nasate van Pieter Jansz Swanepoel is nou verweef met die drie Afrikaanse susterskerke (die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduits Hervormde Kerk en Gereformeerde Kerk) waarin hulle meegedeel het. Hul aktiwiteite op geestelike gebied is in doop-, huweliks-, begrafnis- en lidmaatregisters aangeteken en was belangrike bakens en vertrekpunte in die ordening, herwinning en rekordering van die geslagsregister (addenda A,B,C,D en N), aangesien dit die raamwerk vir elke individu se lewe verskaf het.

Die invoer van slawe, as gevolg van 'n tekort aan arbeid, is essensieel ten opsigte van die rol wat ras en rassuiwerheid in die totale Suid-Afrikaanse bevolking gespeel het. Die aanvanklik klein getal (hoofsaaklik manlike) Europeërs was op slavinne aangewys vir bevolkingsgroei en die waardevolste slawe was 'n Kaapsgebore kind van 'n slawevrou en 'n blanke man. In die aanvangsjare van die kolonie het verskeie huwelike plaasgevind tussen blanke mans en slawevroue as gevolg van 'n tekort aan blanke vroue, maar was seksuele verhoudings sonder formele huwelike tussen die twee rasgroepe ook aan die orde van die dag.⁵

Die skermutselings en oorloë met verskeie inheemse gemeenskappe het die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die algemeen en die lewensloop en verspreiding van die Swanepoel-familie in die besonder beïnvloed. Die Swanepoels was deel van die bevolking

⁵ F.W. Marx, *Slawespore*, pp. 5-45; J.A. Heese, *Groep sonder grense: die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap 1652-1795*, p. 6; Anon., Dugeot se Mieliestronk.com-webwerf, "Slawerny in Suid Afrika" by <http://www.mieliestronk.com/slaaf.html>, 24 Julie 2013; R.C. Shell, *Children of bondage* (Witwatersrand University Press, 1994); A. Mountain, *An unsung heritage: Perspectives on slavery* (Alan Mountain, David Philip Publishers, 2004).

wat op voetsoolvlak die offers moes bring tydens skermutselings in Suid-Afrika se ontwikkelingsgeskiedenis.

Die stamvader, Pieter Jansz Swanepoel, het kort voordat Willem Adriaan van der Stel in 1699 by sy pa, Simon van der Stel, as goewerneur oorgeneem het, in die Kaap aangekom. Willem Adriaan was meer tegemoetkomend teenoor die veeboere, wat op soek was na weiveld vir hulle vee en gevolglik in klein gesinsgroepies die binneland ingetrek het. Dit het veroorsaak dat die land se grense voortdurend ooswaarts verskuif het. Hierdie grensverskuiwings het aanleiding gegee tot skermutselings met die Khoi-Khoi, die Boesman en inheemse Nguni-gemeenskappe, veral Xhosa-sprekers, wat teen die einde van die agtiende eeu reeds 'n aansienlike teenwoordigheid teenaan die Visriviergrens in die Oos-Kaap gehandhaaf het. Die betrokkenheid van Pieter Jansz Swanepoel in die Drakenstein, Tulbagh en die Swellendam-omgewing is deur dr. Swanepoel in sy publikasie *'n Geslagregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika* beskryf.⁶

Pieter Jansz Swanepoel se seun, Pieter, is deel van die eerste geslag wat in die land gebore is. 'n Oorsig van die samestelling en leefstyl van die Swanepoels in Drakenstein, Tulbagh en die Swellendam-omgewing sal gegee word. Pieter se blootstelling aan natuurelemente tydens die verskuiwing van die grense vanaf Drakenstein tot in die omgewing van Uitenhage en Oudtshoorn, asook die impak van sy vrou, die stammoeder, wat 'n Indiese slavin was, word ondersoek.

Twee seuns van Pieter Swanepoel, naamlik Abraham Christoffel Johannes Swanepoel (sr.) en Hendrik Jacobus Swanepoel, die tweede geslag, het in hulle soeke na weiveld, vanaf Tulbagh (Land van Waveren) tot in die Graaff-Reinet-omgewing getrek. Die ondertrouery van die kinders van die nageslagte van Abraham en Hendrik is van betekenis en sal duidelik aangedui word.

⁶ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, hoofstukke 2 tot 4.

Abraham Christoffel Johannes Swanepoel (jr.) en Willem Jacobus Swanepoel, derde geslag, was betrokke by konflikte tydens hulle trekke vanaf Graaff-Reinet tot in die Lichtenburg-omgewing. Grensoorloë met swart stamme, asook die Engelse se verdere grensuitbreiding in die Oos-Kaap was van die oorsake van die Groot Trek, wat in 1835 begin het. Albei hierdie Swanepoel-gesinne was deel van die Voortrekkers. Abraham Christoffel Johannes (jr.) was deel van die Potgieter-trek en Willem Jacobus deel van die Retief-trek. Ná die moord op Piet Retief en die welbekende gebeure by Bloedrivier gedurende 1838 het baie Voortrekkers besluit om óf terug te trek na die Kaapkolonie óf na die Noordweste. Hierdie tweede trek het gedurende 1842 tot 1845 plaasgevind en beide Abraham en Willem het hulle in die noordwestelike deel van die land in die Lichtenburg-omgewing gevestig.

Die omswerwinge van Pieter Andries Swanepoel vanaf Beaufort-Wes tot in die Lichtenburg-omgewing en Maria Jacoba Swanepoel, die vierde geslag, vanaf Natal tot in die Lichtenburg-omgewing, is van belang weens hulle ervaringe as kinders tydens die Groot Trek.

Die Transvaalse Vryheidsoorlog (1880-1881), die Jameson-inval (1895) en die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het 'n groot invloed op die lewe en besluite van die Swanepoel-familie gehad. Pieter Andries en Maria Jacoba Swanepoel het vyf dogters en twee seuns gehad (vyfde geslag). Rachel Helletje Cooks (Swanepoel) was een van hulle dogters. Die betrokkenheid van die seuns en skoonseuns in die oorlog en die internering van die dogters in die Merebank- en Klerksdorp-konsentrasiekampe vorm 'n pertinente deel van die verhandeling. Die dood van Rachel Helletje Cooks (Swanepoel) in 1906 is 'n regstreekse gevolg van 'n siekte wat sy in die konsentrasiekamp opgedoen het.

Uit die navorsing sal dit moontlik wees om 'n indruk te kry van die wel en weë van tipiese Suid-Afrikaanse blanke families wat hulle in soortgelyke omstandighede bevind het. Sodoende kan 'n beter perspektief op die ervarings en leefstyl van Suid-Afrikaanse families in die afgebakende tydperk verkry word.

1.3. Probleemstelling

Hierdie navorsing is gerig op die uitbreiding en boekstaving van die beskikbare kennis van een vertakking van die familie Swanepoel, oor wie min inligting beskikbaar is, en die vertolking van die beskikbare kennis nie volledig geboekstaaf is nie. Teenstrydige en onbeantwoorde vrae aangaande die geselekteerde vertakking van die familie Swanepoel sal nagevors word ten einde 'n beter begrip te kry van die omstandighede waarin lede van die Swanepoel-familie geleef het en hoe hulle deur die historiese verloop gedurende 1698 tot 1906 geraak is.

1.4. Navorsingsvrae

- Wat was die plek en betekenis van die gewone mens, verteenwoordig deur die geselekteerde vertakking van die Swanepoel-familie, in die verloop van die historiese gebeure tussen 1698 en 1906?
- Watter invloed het die kerk en Christelike meelewing op die eerste vyf geslagte van die geselekteerde vertakking van die Swanepoel-familie vanaf 1698 tot 1906 gehad?
- In hoe 'n mate het bloedvermenging en kulturele integrasie met ander kultuurgroepe die genetiese samestelling van die eerste vyf geslagte van die geselekteerde Swanepoel-familie en hul leefstyl geraak?
- Wat was die impak van hul Christelike oriëntering, bloedvermenging, kulturele integrasie en blootstelling aan die ruwe Suid-Afrikaanse landskap, sy inwoners en veroweraars op die eerste vyf geslagte van die geselekteerde vertakking van die Swanepoel-familie?
- Hoe het historiese blootstelling die geestelike, sosiale, geografiese en politieke ingesteldheid van die geselekteerde vertakking van die Swanepoel-familie voor keuses gestel, aan konflik blootgestel en kollektiewe karakteristieke gevorm?

1.5. Navorsingsdoelwitte

Die doelwitte met hierdie studie is:

- Die herwinning, ordening en dokumentering van die genealogie van die geselekteerde vertakking van die Swanepoel-familie tussen 1698 en 1906 uit 'n verskeidenheid bronne.
- Die bepaling van die rol en invloed van die kerk en Christelike meelewing in die lewensloop van die eerste vyf geslagte van die geselekteerde vertakking van die Swanepoel-familie.
- Die rol van introuery en kulturele integrasie op die eerste vyf geslagte van die geselekteerde vertakking van die Swanepoel-familie.
- Die boekstaving van historiese tendense wat die familiegeskiedenis van die geselekteerde vertakking van die Swanepoel-familie beïnvloed het.

1.6. Metodologie

Hierdie historiese studie is gedoen met behulp van primêre, sekondêre en argivale bronne, elektroniese genealogiese inligting, periodieke publikasies, webliografieë, kerkregisters en begraafplaasinligting. Primêre bronne sluit onderhoude met van die ouer familieleden in waartydens inligting bekom is van hulle herinneringe, met ander woorde die mondelinge oorlewering van die familiegeskiedenis. Tradisies het 'n rol gespeel in die familiegeskiedenis en kennis daarvan kan bydra tot beter begrip van redes vir sekere besluite, wat 'n invloed op die verloop van die familiegeskiedenis gehad het. Die insette wat verskeie familieleden tydens familiesaamtrefke gelewer het, is betekenisvol en is in die navorsing gebruik.

Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n persoonlike argief saamgestel, wat briewe, foto's, inligting verkry uit begraafplase (geboorte- en sterfdatums), inligting vanuit nasionale en ander argiefbewaarplekke en aantekeninge van onderhoude met mense bevat. Daar is in die navorsingsproses gebruik gemaak van elektroniese media, soos die internet, wat afsonderlik as onderdeel van 'n webliografie geplaas is. 'n Verskeidenheid geselekteerde sekondêre bronne, wat op die geskiedenis van Suid-Afrika en die Swanepoel-familie van toepassing is, is geraadpleeg. In die besonder is van gepubliseerde boeke, artikels in geakkrediteerde publikasies en ongepubliseerde verhandelinge en proefskrifte gebruik gemaak om inligting te versamel en 'n volledige stamregister vir die geselekteerde groep saam te stel.

1.7. Navorsingsontwerp

'n Heuristiese proses is gevolg met die identifikasie, versameling en klassifikasie van bronne. Daar is wyd gelees, verwante literatuur bestudeer en krities geïnterpreteer binne die raamwerk van die hermeneutiese verstaanproses. Die wetenskaplike historiese navorsing oor die verskillende tydperke en sy mense het die studie oor die Swanepoel-familie grootliks aangevul.

Daar was voldoende studiebronne vir hierdie studie beskikbaar (Raadpleeg aangehegte bronnelys). By die insameling van stamregisterdata is grootliks gebruik gemaak van die gepubliseerde navorsing van dr. A.J. Swanepoel, *'n Geslagregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*.

Vir die opstel van die stamregister is die Millennia Legacy 7.4 "Deluxe Edition, family tree" as databasis gebruik. Die navorsingsresultaat van Rachel Helletje Cooks (Swanepoel), haar broers en susters se stambome, asook dié van hulle voorgeslagte tot en met die koms van Pieter Jansz Swanepoel, sal in standaard- en waaier formaat stambome aangebied word.

1.8. Hoofstukindeling

Geslag	Persoon	Geboorteplek	Woonplek	Aktiwiteite
Stamvader	Pieter Jansz Swanepoel <i>Hoofstuk 2</i>	Wes-Vlaandere	Drakenstein <i>"t Land van Waverenaan de Breede Rivier"</i> <i>"aan de Breede Riviergenaamt de Rietvalleyboven de PoesjenelsRivier"</i>	Arbeider, veeboer en trekboer
Eerste geslag	Pieter Swanepoel <i>Hoofstuk 2</i>	Drakenstein	Beaufort-Wes-distrik Oudtshoorn-distrik	Veeboer en trekboer
Tweede geslag	Abraham Christoffel Johannes Swanepoel Hendrik Jacobus Swanepoel <i>Hoofstuk 2</i>	Tulbagh	Uitenhage Graaff-Reinet	Veeboere

Geslag	Persoon	Geboorteplek	Woonplek	Aktiwiteite
Derde Geslag	Abraham Christoffel Johannes Swanepoel (jr.)	Franschhoek	Lichtenburg-distrik	Potgieter- trek
	Willem Jacobus Swanepoel <i>Hoofstuk 3</i>	Graaff-Reinet	Lichtenburg-distrik	Retief-trek
Vierde geslag	Pieter Andries Swanepoel	Beaufort-Wes	Lichtenburg-distrik	Veeboer
	Maria Jacoba Swanepoel <i>Hoofstuk 4</i>	Natal	Lichtenburg-distrik	Oorloë Diamante Goud
Vyfde geslag	Kinders van Pieter en Maria Jacoba Swanepoel <i>Hoofstuk 5</i>	Lichtenburg	Lichtenburg-distrik	Anglo- Boereoorlog

Tabel 1: Uiteensetting van die hoofstukke

In tabel 1 word die raamwerk van die studie gegee. In hoofstuk 2 word op die aankoms van die stamvader, sy vestiging en die leefstyl van die eerste twee geslagte gefokus. In hoofstukke 3, 4 en 5 word respektiewelik op die leefstyl, vestiging van die derde, vierde en vyfde geslagte gefokus.